


AKTIVITEIT VIR DIE WEEK



VRAE VIR DIE WEEK SE BYBELSTUDIE AS GESIN

Maandag

1. Waaroor gaan die gegewe stuk?
2. Hoe kan ons nader aan God beweeg?
3. Hoe kan ons afhanklik van God wees?
4. Hoekom is dit belangrik?



Dinsdag

1. Wat beteken “huweliksverhouding”?
2. Met wie is jy in ’n “huweliksverhouding” ?
3. In die verhouding waar staan jy met God?
4. Hoekom moet God altyd hoof wees van enige verhouding?



Woensdag

1. Wanneer het jy iets verkeerd gedoen?
2. Het jy vergifnis gevra?
3. Hoe het jy dit gedoen?
4. Hoe het jy gevoel daarna?



Donderdag

1. Hoe naby aan God leef jou familie?
2. Kry jy altyd wat jy van die Here vra?
3. Verduidelik hoekom ons altyd God moet vra vir iets wat ons graag wil hê?
4. Wat gaan jy doen om nader aan God te leef die vakansie?



Met wie is jy in n verhouding Jak 4:1-10

Pas op vir wêreldliefde en hoogmoed

1 Waar kom die rusies en gevegte onder julle vandaan? Is dit nie julle sondige drange wat julle ledemate soos soldate gebruik om te veg nie? 2 Julle wil dinge hê wat julle nie het nie, en pleeg dan moord om dit te kry. Julle is jaloers oor wat ander het, en as julle dit nie in die hande kan kry nie, veg en baklei julle om dit by hulle te vat. En eintlik is die rede hoekom julle nie het wat julle wil hê nie, die feit dat julle God nie daarvoor vra nie. 3 En selfs wanneer julle vra, kry julle dit nie omdat julle motiewe verkeerd is – julle wil goed hê net om dit self te geniet. 4 In julle huweliksverhouding met God is julle ontrou! Besef julle nie dat vriendskap met die wêreld jou ’n vyand van God maak nie? Hoor wat ek sê: As jy die wêreld tevrede wil stel, het jy klaar as vyand teen God stelling ingeneem. 5 Of dink julle dat die Skrif sommer maar net sê: “God wil die lewe wat Hy ons gee, nét vir Homself hê”? 6 God is egter besig om ons steeds meer genade te gee om aan Hom getrou te wees. Daarom sê die Skrif: “God weerstaan hoogmoedige mense, maar aan nederige mense gee Hy genade.” 7 Wys dus dat julle van God afhanklik is deur na Hom te luister. Weerstaan die duiwel en hy sal van julle af wegvlug. 8 Kom nader aan God, en Hy sal nader aan julle kom. Was julle hande van die sonde wat daaraan kleef, julle sondaars, maak julle harte skoon, julle tweegesigte wat nie kan besluit aan wie julle getrou wil wees nie. 9 Trane moet wys julle is jammer oor die verkeerde goed wat julle aangevang het! Treur en huil! Julle gelag moet in droefheid verander, en julle blydskap in bedruktheid! 10 Val voor die Here neer en wys dat julle van Hom afhanklik is, en Hy sal julle optel en aan julle aansien gee.

Here, help ons om nader aan U te leef. Elke dag!

Amen